



The f-stops here!

MAGALIES FOTO FUN CLUB - Grondwet

(Soos aangepas – Augustus 2012)

1. **NAAM:**
Die naam van die vereniging is die MAGALIES FOTO FUN CLUB en word verder in die grondwet na verwys as MFFC.
2. **DOELSTELLINGS:**
MFFC beywer hom vir die bevordering van fotografie en het ten doel om belangstelling te wek en aan te wakker vir alle sake wat met fotografie in verband staan. Dit word gedoen deur die reël van vergaderings, lesings oor fotografie, demonstrasies, uitstallings, wedstryde of dergelike metodes soos wat die bestuur goed vind om die belange van sy lede te bevorder.
3. **HOOFKANTOOR:**
Die hoofkantoor van MFFC sal in Pretoria wees of op sodanige plek soos wat die lede op 'n algemene vergadering mag besluit.
4. **TAAL VAN MFFC:**
Die klub se voertaal sal Afrikaans en Engels wees.
5. **LIDMAATSKAP:**
 - a) Enige persoon wat die grondwet en huishoudelike reëls van MFFC onderskryf soos dit deur die bestuur goedgekeur word sal geregtig wees op volle lidmaatskap van MFFC.
 - b) Die bestuur mag na goeddunke, maar met inagneming van die beginsels en riglyne wat in die huishoudelike reëls uiteengesit is, die volgende tipes lidmaatskap toeken:
 - i) Gewone lidmaatskap
 - ii) Lewenslange Erelidmaatskap
 - c) Aansoek om lidmaatskap moet op die voorgeskrewe vorm geskied wat deur die aansoeker ingevul en geteken en saam met die intree- en toepaslike ledegeld aan die tesourier oorhandig moet word.

- d) Die bestuur sal die aansoek by die daaropvolgende bestuursvergadering oorweeg en sal die reg hê om dit te aanvaar, af te keur of die datum van lidmaatskap uit te stel sonder om redes te verstrek.
- e) Die sekretaris/esse sal die aansoeker sonder verwyl van die bestuur se besluit verwittig.
- f) Lidmaatskap sal ophou:
 - i) Indien 'n lid sy/haar bedanking skriftelik indien.
 - ii) Indien 'n lid se ledegeld vir meer as drie maande agterstallig is.
 - iii) Indien die bestuur besluit dat 'n lid se gedrag teenstrydig is met die grondwet.

6. **FINANSIES:**

- a) Die bedrag en samestelling van die ledegeld sal van tyd tot tyd deur die bestuur bepaal word.
- b) Die finansiële boekjaar strek vanaf 1 Oktober tot 30 September.
- c) Die tesourier sal 'n maandelikse finansiële staat van inkomste en uitgawes by die bestuursvergadering voorlê, en behoorlik boekhou van al MFFC se finansiële transaksies.
- d) Die bestuur sal aan die lede verantwoordelik wees vir die behoorlike behartiging van MFFC se geldsake en moet op die jaarlikse algemene vergadering behoorlike finansiële state voorlê.
- e) Indien drie of meer lede dit versoek, moet die boeke ter insae beskikbaar gestel word by die volgende maandelikse vergadering.
- f) Die bestuur sal jaarliks besluit waar banksake gedoen word ten einde die mees praktiese reëlings te tref tot die beste voordeel van MFFC en sy lede.

7. **BESTUUR:**

- a) MFFC sal ooreenkomstig die Grondwet en Huishoudelike reëls geadminestrer word deur 'n bestuur bestaande uit 'n maksimum van 13 lede wat tydens 'n algemene jaarvergadering verkies word vir die volgende poste:
 - i) Voorsitter
 - ii) Ondervoorsitter
 - iii) Sekretaris
 - iv) Tesourier
 - v) Vyf tot nege addisionele lede
- b) Die bestuur tree jaarliks uit en mag herverkies word.
- c) 'n Persoon mag net vir twee agtereenvolgende jare die amp van Voorsitter beklee, waarna hy vir ten minste een jaar nie in die amp mag wees nie.
- d) Die bestuur sal die reg hê om 'n lid of lede tot die bestuur te koöpteer indien vakatures ontstaan of wanneer die belange van MFFC dit vereis. 'n Gekoöpteerde lid sal sitting tot die bestuur sowel as stemreg hê mits die totale getal gekose plus gekoöpteerde lede nie die maksimum toegelate getal van 13 bestuurslede oorskry nie. Wanneer vakatures in die ampte van voorsitter, ondervoorsitter, tesourier en sekretaris ontstaan sal die verkiesing van nuwe ampsdraers in hul plek tydens 'n spesiale algemene vergadering geskied.
- e) 'n Kworum word gevorm deur 'n 50% bywoning van die bestuurslede tydens 'n bestuursvergadering.

- f) By 'n bestuursvergadering sal die voorsitter bo en behalwe sy gewone stem 'n beslissende stem hê indien 'n staking van stemme ondervind word.
- g) Die bestuur mag huishoudelike reëls opstel en wysigings aanbring.
- h) Die huishoudelike reëls sal onder andere riglyne bevat oor:
 - i) Lidmaatskap vereistes
 - ii) Spesiale toekennings
 - iii) Wedstrydtake en reëls
 - iv) Stergraderings en definisies
 - iv) Jaareindkompetisie en definisies
- i) Die bestuur sal wedstryde, kompetisies en ander byeenkomste reël en toekennings maak ooreenkomstig die riglyne soos vervat in die huishoudelike reëls.

8. VERGADERINGS:

- a) Die bestuur moet ten minste 12 klubbyeenkomste per jaar reël, hetsy in die vorm van 'n demonstrasie, lesing, wedstryd, uitstappie, werkswinkel of gesellige funksie.
- b) Algemene jaarvergadering:
 - 1) Die byeenkoms in Oktober elke jaar sal bekend staan as die Algemene Jaarvergadering. By daardie geleentheid sal die volgende sake behandel word:
 - i) Goedkeuring van finansiële state
 - ii) Goedkeuring van die voorsittersverslag
 - iii) Die verkiesing van nuwe bestuurslede vir die ampte soos in paragraaf 7(a) uiteengesit.
 - 2. Tydens die algemene jaarvergadering sal:
 - i) 25% van die opbetaalde lede 'n kworum vorm.
 - ii) Indien 'n kworum nie aanwesig is nie sal die vergadering vir 60 minute verdaag waarna die opbetaalde lede wat dan aanwesig is, 'n kworum sal vorm.
 - iii) Die verkiesing vir die ampte van voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier sal per stembrief geskied, tensy die vergadering formeel anders besluit.
 - 3. Wanneer die algemene jaarvergadering nie gedurende die Oktober maandvergadering kan plaasvind nie, moet 'n spesiale algemene vergadering binne twee maande vir die doel belê word, volgens die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 8.c.1 (i) tot (iii)
- c) Spesiale Algemene Vergadering:
 - 1. Op die skriftelike versoek van ten minste vier bestuurslede of 40% van die opbetaalde lede moet 'n Spesiale Algemene Vergadering belê word.

Vereistes:

 - i) Die aansoek moet volledige redes verstrek waarom so 'n vergadering gehou moet word.

- ii) Lede moet ten minste 10 dae vooraf skriftelik kennis ontvang van die datum, tyd en plek van die vergadering asook 'n afskrif van die agenda.
- iii) Dieselfde vereistes ten opsigte van 'n kworum en verkiesingprosedure vir ampsdraers geld soos vir die Algemene Jaarvergadering voorgeskryf is.

9. WYSIGING VAN GRONDWET:

- a) Die grondwet kan slegs gewysig word deur 'n mosie wat tydens 'n behoorlike gekonstitueerde Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Jaarvergadering aangeneem word.
- b) Lede moet ten minste 10 dae voor die vergadering wat vir die doel belê word kennis ontvang van die datum, tyd en plek van die vergadering asook die agenda.
- c) Die beoogde wysigings en motivering moet by die agenda en kennisgewing van die beoogde vergadering aangeheg word.
- d) Dieselfde vereistes ten opsigte van 'n kworum geld as vir die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering.

10. ONTBINDING:

By die ontbinding van die klub sal alle onbestede fondse en bates aangewend word om enige skulde wat daar mag wees te vereffen en enige oorblywende fondse en bates sal aan FVSA oorgedra word om na goeë dunde daaroor te beskik.

11. GOEDKEURING EN AANVAARDING:

Hierdie Grondwet is goedgekeur en aanvaar tydens 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering gehou op 25 Oktober 2012 te Pretoria en vervang alle voriges. Die voorgeskrewe prosedures is nagevolg.

.....
VOORSITTER

.....
SEKRETARIS

.....
DATUM

.....
DATUM